

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 110

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

"SHOW BUSINESS"

WANNEER 'n mens praat oor die Heilige Gees, dink baie mense aan 'n soort christelike "show business". Dadelik sien hulle in hulle verbeelding mense wat die "Gees ontvang" en uitbreek in ekstase. Hulle praat in sg. "vreemde tale". Andere het die "gawe van gesondmaking". Sommige kan selfs die Gees "meedeel" deur handoplegging.

Tekens en wonders

Dit maak dit redelik maklik vir 'n mens as jy met sulke opspraakwekkende wonders en tekens die egtheid van jou boodskap kan bevestig. Die moeilikheid is egter dat dit nie 'n vanselfsprekende bewys is van die waarheid van jou boodskap nie. Jesus Christus waarsku selfs: "Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, selfs die uitverkorenes te mislei". En dan voeg Hy dit daar betekenisvol by: "Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê" (Matt. 24:24, 25).

'n Engel van die lig

Ons het selfs te doene met die "bose geeste in die lug" wat as 'n "engel van die lig" kan verskyn. Hierdie bose geeste staan onder aanvoering van die duiwel of Satan en hy opereer lustig en maak van elke moontlike middel gebruik. Sou hy dan nie probeer om die werk van die Heilige Gees na te boots nie?

Hiermee wil ons nie beweer dat daar hoegenaamd geen buitengewone werk van die Gees meer plaasvind nie. Ons moet egter maan tot versigtigheid. Hier is baie geleenthede om tekens en wonders te misbruik en menigtes op te sweep. In ons tyd van dwelmverslawing en "trips" is die versoeking groot om daarteenoor die ekstatiесе meevoering van die Gees te soek.

Soek in die Bybel

Kom kyk saam met my na wat die Bybel leer oor die Heilige Gees. Vanselfsprekend sal ons dit kort en oorsigtelik doen. Ek hoop egter dat dit genoeg sal wees om u tot ondersoek te stimuleer. En veral om God te bid om sy genade en die Heilige Gees . . .

M. J. Booyens

Wie is dood - God of ek?

"God is dood!"

Is dit 'n triomfkreet of 'n klag uit die skreeuende hart van 'n mens? As God tog maar geleef het! Dan was daar 'n antwoord op die skreeu-vraag-antwoord in my binneste. Dan sou die niksseggende sinloosheid en die skreiende verlange na wie-weet-wat uit my innerlike verdwyn . . .

Wie sal ooit weet?

Maar God is dood . . . Hy sien my nie en Hy hoor nie en Hy weet nie . . . En ek weet ook nie . . . Ek voel soos 'n mens wat in 'n lugleege sweef . . . Vanwaar — waarom — waarheen? Ek weet nie . . . Wie sal ooit weet . . .? As daar 'n God was, sou Hy moontlik kon antwoord, maar Hy is dood . . .

Wie verberg die raadsbesluit daar sonder kennis?

Mense hou op om te vra na God . . . Hulle vra selfs nie meer na die sin van die lewe nie . . . Hulle ploeter in die modder. Skrywers en skilders en beeldhouers en sangers voer ons na die afgrond van leegheid. Hulle bestorm ons met vrae en vraagstukke. Hulle moker al wat mooi is tot puin. Hulle voer ons met al wat lelik en afsigtelik is tot walgens toe. Hulle roep ons smalend toe: "Dit is lewe! Dit is waarheid! Kyk en éét en suip! — swelg tot jy verwurg in jou eie drek . . .!"

Is God werklik dood?

Staan die saak nie miskien andersom nie? Het daar nie in onself iets gesterwe nie? Is daar nie iets uitgedoof

— iets vanuit die ewigheid — wat ons stuurloos en ankerloos in die donker stormnag gelaat het nie? Vra ons nog werklik na die waarheid wat ons lewe bepaal? Is die verlange na die "ander lewe" nie uitgeskakel uit die sfeer van ons begrip en begeertes nie?

Die ander lewe?

Lewe? Wat is dit? Liggaamlikheid — met sy luste en welluste? Liggaamlikheid met die dood wat wink en ruk en vreet? Liggaamlikheid — die begin en die einde — die alfa en die omega? Gryp met die liggaam en sy behoeftes en begeertes — gryp gulsig — driftig -

— haastig. Gryp, die kans gaan verby en wat is daar dan oor? — Niks . . .

Na nêrens

Vrae na lewe? Wie vra nog na die waarheid wat sy lewe bepaal? Wie vra nog na die betekenis van die lewe? Wie? Wie vra na God? Dit het geen sin meer om te vra nie. Ploeter maar voort in die donker . . . na nêrens.

Is dit miskien ek?

Miskien het u uself raakgesien. Miskien vra u nie meer: Waarom? Waartoe? Waarheen? nie. Miskien leef u net vir die oomblik — alles wat voor en na die oomblik is, is donker en ondeursigtig. Hoe minder 'n mens jou daarvoor moeg maak, hoe minder het jy jou om oor te "bekommer". Gelate staan jy voor die donker gordyn — hoewel jy graag teenoor andere 'n heldhaftige en energieke indruk wil maak. Jy is 'n man van die wêreld en jy kan met 'n gewigtige armswaai beduie en jy kan saampraat en saamsmaal oor bekrompenheid en onvolwassenheid by jou ou volkie. Maar jy weet diep in jou innerlike — alles is leeg en vaal en sinloos.

Die hede is leeg en sinloos en niksseggend.

Die toekoms — daaroor dink jy nie — gryp maar en ryg die oomblikke in.

Die blinde noodlot kan dit miskien wegraap en dan het ek Niks.

Wie is dood? God? of jy?

Kom nou, erken één waarheid wat jy nog altyd opsy skuif. Net een enkele waarheid: *Jou eie skuld.*

Vergeet jou "lewensreg" en erken dat jy geen reg het nie. Jy het alles — letterlik alles — verkwansel, uitgemors.

S.O.S.!

Jy het ontvang — 'n liggaam en 'n siel — ja ook 'n siel. Maar jy het dit opgemors. Erken dit en skreeu: S.O.S.!" "Save our souls!" Skreeu dit uit — nie na die leë ruimte nie. Skreeu dit uit na die één opvangstasie wat ingeskakel is op die seine van jou siel . . . "O God wees my, sondaar, genadig!" En jy sal uitvind dat Hy lewe en . . . Hy sal jou ook laat lewe.

"Moenie vrees nie; Ek is die Eerste en die Laaste en die Lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid."

"Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe."

M. J. Booyens

STROME IN DIE DORSLAND

DAAR is 'n sluis in die hemel oopgemaak. Die dorstige aarde drink dit in. Die woestynland verander in 'n blomtuin.

Pinkster

Wanneer het dit gebeur? Op die Joodse Pinksterfees in Jerusalem — tien dae na die hemelvaart van Jesus Christus. Hy het by sy hemelvaart aan sy dissipels gesê: "So is dit geskrywe en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan. En julle is getuies van hierdie dinge. En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle.

Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte" (Luk. 24:46-49).

Jesus is die Christus

Daarom keer die groepie manne terug vanaf die Olyfberg — die plek van die hemelvaart — na Jerusalem. En daar wag hulle . . . "Hulle almal het eendragtig volhard in gebed en smeking" (Hand. 1:14). Hulle wag en bid. Hoe kon hulle ook anders? Hulle glo dat Jesus die Christus is. Hy het hulle verstand geopen om die Skrifte, die Bybel, te verstaan. "Só is dit geskrywe en só moes die Christus ly. In Sy Naam moet bekering en vergewing van sondes verkondig word aan al die nasies — van Jerusalem af en verder". Hulle wag en bid om dié krag uit die hoogte. Hulle wag omdat hulle glo. Hulle bid omdat hulle krag nodig het.

Die Heilige Gees

So vind ons hulle nog op die dag van die Pinksterfees. En dan gaan die hemelsluis oop. Dan word die energiebron aangeskakel. Hulle word ingeskakel op die kragbron uit die hemel.

Skielik hoor hulle 'n geluid. Dit is die gesuis van 'n geweldige rukwind. Dit is asof die wind dreun deur die huis waarin hulle sit.

Verbaas kyk hulle na mekaar en na die omgewing. Die geluid is daar, maar niks beweeg nie. Geen roering — niks waai weg nie.

Lewende fakkels

En dan sien hulle vuur en tog is dit ook nie werklik vuur nie. Dit is tonge soos van vuur. Die vuurtonge fladder neer soos soveel vurige voëls of fakkels en gaan sit op elkeen van hulle. Dit is asof hierdie mense self verander in liggende vuurfakkels.

Geweldig is die verandering in hulle. Dit is asof hulle hulself nie kan help nie. Hulle begin om te praat "van die groot dae van God . . ."

Grense oorbrug

Die skouspel is ook *na* buite *gehoor*. Verbygangers stroom saam. Die gerugte versprei in die stad. Gou-gou is daar 'n menigte nuuskieriges saamgedrom. Juis by hierdie feesgeleentheid was daar baie van die verspreidwonende Jode in Jerusalem. Hulle kom uit alle moontlike landstreke in die gebied rondom die Middellandse See. Hulle praat van huis-uit verskillende tale.

Verbaas luister hulle. Die eenvoudige groepie vissers uit Galilea het ineens geleerd geraak. "Luister, hulle praat in ons eie taal. Hoe kan dit? Ons verstaan wat hulle sê. Waar kom hulle daaraan?"

Dit is begryplik dat die siniese spotters tussenwerpsels maak: "Ag, die mense is vol soetwyn! Wat steur julle jul aan die spul dronkies!"

Deur die krag van die Gees

Dan staan een van die voormalige vissers op. Dit is Simon Petrus — dieselfde man wat daar in die voorhof van die hoëpriester bewend gesweer het dat hy dié Jesus van Násaret nie ken nie. Wat gaan hy nou doen? Kyk hoe kalm en selfversekerd lyk hy. Laat ons hoor wat hy te sê het!

"Luister mense, ons is nie dronk nie. Wie is teen negeuur in die môre al dronk? Hier gebeur nou waarvan die profeet Joël eeue gelede al gepraat het: 'In die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees'."

O ja, die Gees was ook daar in die ou dae. Dieselfde Joël is deur die Gees voorgesê om dié dinge uit te spreek. Hy was egter soos die opkomende son nog laag op die horison. Hier en daar het sy glans die bergtoppe geraak. Maar nou het hy geklim tot bo in die helder lug en skyn hy in elke dal en bergkloof. Alles skitter en lewe in die helder lig van die son van God. Alle vlees — oud en jonk, klein en groot — is nou profete wat besiel is deur die Heilige Gees.

Die Heilige Gees preek Jesus Christus

Maar luister: Petrus praat verder. Hy is gou uitgepraat oor die Gees. Natuurlik, die Gees is nou in hom. "Hulle is almal vervul met die Heilige Gees." Hy is nou die spreekbuis van die Heilige Gees. Daarom praat hy nie verder oor die Gees nie, maar oor dié een saak waarvoor die Heilige Gees gekom het: "Jesus, die Nasaréner, 'n man deur God vir julle aangewys met kragte en wonders en tekens. Hy wat julle gekruisig het — Hom het God opgewek nadat Hy die smarte van die dood ontbind het . . ." So gaan Simon Petrus — nee, die Heilige Gees — voort om te vertel van Jesus, die Gekruisigde, die Opgestane Heiland en Verlosser van die wêreld.

Die Heilige Gees gryp mense in die hart

En dan gryp die Heilige Gees ook mense aan. Omstanders is diep in hulle hart getref. Hulle vra vir Petrus en die ander apostels: "Wat moet ons doen?"

"Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom aan julle toe en julle kinders en almal wat daar vër is, die wat die Here onse God na Hom sal roep . . ."

Só is die stroom vanuit die hemel ontsluit. Dit vloei deur na mense en hulle kinders wat glo. Dit breek oor die walle van begrensing van volke en tale en rasse en kleure. Dit dreun voort na die eindes van die aarde.

Liefdesstroom

Die hemelsluis is geopen en die mensdom word gelaaf uit die hoogte: "Want só lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê". Dit word nou werklikheid. God se liefdesstroom vloei die wêreld deur. Dit word voortgedra deur mense wat vervul is met die Heilige Gees. Mense kom tot geloof en belydenis. Hulle word ingelyf in Jesus Christus deur die Heilige Gees en hulle lewe tot in alle ewigheid.

M. J. Booyens

WEER GEBORE

Verskeidenheid

Die Pinksterstroom het oor sy walle gestoot. Soms bruis dit skuimend en voer stuwend menigtes met Hom mee. Op die dag van Pinkster is daar omtrent drie duisend siele toegebring. Soms kabbel die stroom rustig en stil — byna onmerkbaar — asof daar geen voortgang is nie. Dan weer breek dit op in klein stroompies wat hier en daar ontkieming en groei en halms en are bring. Só is die vloei van die Gees in sy verskeidenheid.

In sy werkswyse en verandering van mense is daar 'n oneindige verskeidenheid. Wie kan immers die werk van die Gees in die hart van die mens naspel? Sommige word gewelddadig platgeslaan, soos Paulus op pad na Damaskus. Verbaas en blindgeslaan roep hy uit: "Here, wat wil U hê dat ek moet doen?" By andere is dit stilweg, onmerkbaar, langzaam — soms selfs van die geboorte af — wie kan sê?

Nuwe geboorte

Een ding is egter by almal duidelik: Daar is lewe en groei. Daar is 'n nuwe lewensbeginsel ingeplant. 'n Nuwe oortuiging en 'n ander gesindheid het posgevat. Dit is só geweldig dat die Bybel dit 'n nuwe geboorte noem — die mens is weer gebore. "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. Wat uit die vlees gebore is, is vlees en wat uit die Gees gebore is, is Gees" (Joh. 3:5, 6).

Net één deur

Hierdie woord kom uit 'n gesprek van Jesus met 'n sekere Nikodemus. Dit kon net so goed u of ek gewees het, met wie Hy praat. Jesus se uitspraak is fundamenteel en algemeen geldig — geen mens kan die koninkryk van God ingaan sonder wedergeboorte nie. Daarom is dit goed om daarna te kyk — dit is lewensbelangrik. Die koninkryk van die hemel is soos 'n magtige vesting met net een enkele poort. Nêrens anders is daar enige toegang tot die koninkryk nie. Elkeen moet deur die een poort ingaan en die poort is *Wedergeboorte*.

Onwedergebore teoloog

Nikodemus was 'n godsdienstige man. Om die waarheid te sê: Hy was 'n godsdienstige voorganger van sy volk. Ons sou kan sê dat hy 'n predikant of teoloog was.

Juis as gevolg van sy status en aansien en omdat hy bang was dat hy in die gedrang mag kom by die kerklike outoriteite, kom hy in die nag na Jesus. Dan verloop die gesprek tussen hulle soos volg:

Wat dink Jesus van my

"Rabbi (meneer), ons weet dat U 'n leraar is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie tekens doen wat U doen as God nie met Hom is nie." Mooi! Dié man het 'n hoë dunk van Jesus Christus. Dit is nogal van belang, maar dit is nie die belangrikste in 'n man se lewe nie. Die belangrikste is nie wat ek van Jesus dink nie, maar wat Hy van my dink. Dit moet elke vroom en geleerde teoloog goed weet. Hulle kan soms nogal baie sê oor God en Jesus Christus en die Heilige Gees. Hulle kan egter maklik in die wind praat.

Jesus se antwoord is teleurstellend met die oog op Nikodemus se mooi en beleefde benadering: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie . . ." Só slaan Hy die teoloog se voete onder hom uit. Nikodemus meen dat hy alles weet van God en sy koninkryk. Hy bestudeer die Skrifte en hy

leer andere die pad na die Koninkryk. En hyself? Hy is wat hy is omdat hy meen dat hy die koninkryk van God sien en sal beërwe. En nou? Man jy ken nog nie eens die eerste beginsel nie. Hoe sou jy nog vir andere die weg kan wys?

Aan kindertjies geopenbaar

Nikodemus is uit die veld geslaan. Die geleerde man weet nie raad met homself nie. Hier kom 'n mens ook nêrens met jou geleerdheid en eie wysheid nie. Hier moet jy wees soos 'n kindjie, wat nie begryp nie en tog aanvaar. Om hom enigszins te help sê Jesus: ". . . as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie."

Die ou mens en die nuwe mens

Ons kan wel aanneem dat Nikodemus geweet het van Johannes die Doper. Hy het gepreek en gedoop. Sy doop het hy genoem: "Die doop van bekering tot vergifnis van sondes". Die doop dui iets aan — die afwassing of vergifnis van sondes. Soos 'n mens jou liggaam was met water, so word ons sondes afgewas deur die Heilige Gees. In die eerste plek laat die Gees jou glo dat jou sondes vergewe is. Tweedens maak Hy jou weerbaar teen die sonde — jy word vervul met die krag van die Gees om die sonde los te laat. Die Bybel noem dit selfs 'n afsterwing van die ou mens. En dan maak die Gees jou ook gewillig en bereid om vir die Here te lewe — dit is die opstanding van die nuwe mens.

Onnaspeurbaar

Het die Gees 'n mens so ter hand geneem, dan is jy weer gebore. Die geheimenisvolle werking van die Gees in ons innerlike is onnaspeurlik. "Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. Só is elkeen wat uit die Gees gebore is." Hoewel ons nie kan sê hoe en wanneer ons weer gebore is nie, kan ons wél sê dat ons weergebore is. Dit weet ons uit die vrugte: Die ou mens sterf en die nuwe mens staan op.

Alle mense

Hierdie waarheid geld nie alleen vir die teoloog Nikodémus nie, maar vir elke mens. Indien u met genoeg gelees het met die gedagte: "Nou word die predikante en teoloë en kerkmense op hulle plek gesit!", het u nog nie behoorlik gelees nie. Dit is juis die geheim van die werking van die Heilige Gees. Hy maak jou oë oop vir jou eie nood.

Ek wil nie verander nie

Nikodémus se sonde was eiegeregtigheid. Wat is u sonde? Tien teen een ook eiegeregtigheid — oormatige selfvertroue of selftevredenheid. Dit noem die Bybel: valse gerustheid. Dit is maar net menslik. 'n Mens wil nie verander nie. Jy wil bly wat jy is. Dan sal jy die koninkryk van God nooit sien nie. Jy moet verander — nou en voortdurend. Dit moet 'n wesensverandering wees. God moet die eerste plek in jou lewe inneem. Jesus moet in jou leef en oor jou regeer. Die Heilige Gees bind 'n mens immers aan Hom.

M. J. Booyens.

HET JY DIE HEILIGE GEES ONTVANG?

NEE, ek het nie, en wat daarvan? Buitendien kan ek daar niks aan doen nie. Ek kan nie help as die Gees my nie gryp en van my 'n nuwe mens maak nie. Hy kan gerus kom as Hy wil, maar ek kan daar niks aan doen nie . . .

Gelukkig soos ek is

En intussen is jy 'n gelukkige en tevrede mens soos jy is. Jou gewete is nie al te eng nie. Jy neem wat die lewe bied. Jy gun andere ook 'n bietjie plesier en nouja — dit is lekker om te leef. Veral in ons permissiewe tyd is dit lekker. Die wêreld is nie meer so bekrompe soos in die ou dae nie. 'n Man kan jou dae en veral jou aande geniet.

Daar is natuurlik allerlei ander moontlikhede. 'n Man staan in die besigheid en in besigheid betaal dit nou eenmaal nie om al te eng te wees. Besigheid is besigheid.

Wat verwag jy meer van my? Ek drink nie en ek dans nie en ek dobbel nie. Ek doen geen vlieg kwaad aan nie. Ek leef my eie lewe en pla niemand nie.

Die een refrein in al dié voorbeelde is maar net dit: Ek is tevrede soos ek is en sien geen nodigheid om te verander nie. Een geleerde jong vriend het onomwonde aan my gesê: "Ek sien nie kans om die verantwoordelikheid op my te neem nie. Ek is gelukkig soos ek is . . . "

Ek wil nie verander nie

Dit is wel vreemd dat mense onder die omstandighede hulle verantwoordelikheid op die Heilige Gees werp. So in die trant: "Hy kan kom as Hy wil, maar ek kan daar tog niks aan doen as Hy nie kom nie". Gewoonlik voeg só 'n mens nie by nie: "Hy kan gerus ook maar wegbly, want ek wil graag bly soos ek is". Dit is eintlik die geheim. "Ek is tevrede en gelukkig en my sondige lewe is lekker, daarom wil ek in werklikheid die Heilige Gees nie naby my hê nie."

Werkwyse van die Gees

Wat kan ek vir u sê? Gelukkig vir ons altwee weet ek ook iets van die werkwyse van die Gees. Ek weet dat Hy werk met die Bybel. Paulus noem die Woord van God die swaard van die Heilige Gees. En Hy rig sy swaard teen jou en my en Hy sê vir ons: "Bekeer jou . . . Glo in die Here Jesus en jy sal gered word. Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee. Hy wat in My glo, het die ewige lewe".

Ernstig

En ek weet nog meer as dit. Ek weet dat die Heilige Gees dit ernstig bedoel wanneer Hy — ook nou in hierdie woorde — met jou praat. Hy wil hê dat jy moet hoor en kom en ingaan in die koninkryk van God. Waarom wag jy dan nog vir Hom? Hy is besig met jou en wag al lankal op jou.

Vandag as jy sy stem hoor, verhard jou hart nie.

Kyk of u uself in die volgende uitspraak herken: "Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en nakend is nie . . . "

"Kyk Ek staan by die deur en klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou en hy met My . . . "

Waarom talm u nog? Is dit u rykdomme — stoflik en geestelik en liggaamlik wat u vashou?

M. J. Booyens

DIE HEILIGE GEES IS GOD

Ons bely

Ek sluit by die geloofsbelydenis van ons kerk aan: "Ons glo en bely dat die Heilige Gees van ewigheid af van die Vader en die Seun uitgaan; dat Hy nie gemaak of geskape of ook gebore is nie, maar alleen van albei uitgaan; dat Hy in orde die derde Persoon is in die Drievuldigheid, van een en dieselfde wese, majesteit en heerlikheid as die Vader en die Seun; ja Hy is waaragtige en ewige God, soos die heilige Skrifte ons leer."

Daar het u nou die stamelende belydenis van die gelowige mens wat geluister het na die stem van God in die Bybel.

Die Heilige Gees sal oor jou kom

By die aankondiging van die geboorte van Jesus, vra Maria wat sy moeder sou word, vir die engel: "Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie?" Die engel se antwoord is: "Die Heilige Gees sal oor jou kom. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word Seun van God genoem word" (Luk. 1:35). Maria ontvang 'n kindjie sonder dat sy 'n man het. Sy ontvang van die Heilige Gees, daarom is die Kindjie "Seun van God". Die Gees is God.

Jy het vir God gelieg

In Hand. 5 word vertel van die sonde van Ananias en sy vrou. Hulle kom ooreen om 'n leuen vir die apostels te vertel oor 'n bepaalde eiendom wat hulle verkoop het en 'n gedeelte van die opbrengs vir die kerk wou gee. Petrus sê toe vir Ananias: "Waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God". Dit is duidelik: die Heilige Gees is God. Hy word nadruklik God genoem.

Alomteenwoordig

In Psalm 139:7 lees ons: "Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig?" Hier sien ons dat die Heilige Gees alomteenwoordig is. Hy het goddelike eienskappe of deugde.

Doen skeppingswerk

In Psalm 33:6 word die Gees ook genoem by die skeppingswerk van God: "Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër". Die Gees doen goddelike werke — Hy neem deel aan die skepping.

Ontvang Goddelike eer

Die Heilige Gees ontvang ook goddelike eer. "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees" (Matt. 28:19).

Die Bybel leer duidelik: Die Heilige Gees is God.

M. J. Booyens

Die Heilige Gees is 'n persoon

Getuies van Jehova

Hier het ons te doen met die dwaalleer van die Getuies van Jehova. Hulle ontken dat die Heilige Gees 'n Persoon is. Hy is volgens hulle bloot die krag van God of die "gees van God" soos elke mens 'n gees het. Dit lyk ook asof hulle 'n sterk saak het. Aan die een kant spreek die Skrif min van die Heilige Gees. Jesus sê van die Heilige Gees wat sou kom: "Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort en aan julle verkondig (Joh. 16 : 14). Dit is derhalwe begryplik dat 'n mens min lees van die Heilige Gees. Hy is selfs altyd besig om Jesus te verheerlik — om sy Naam bekend te maak en mense aan Hom (Jesus) te bind.

Gees 'n gawe

Hierby kom nog 'n ernstiger probleem. Die Griekse woord vir Gees (pneuma) is 'n onsydige woord en verder word dikwels oor die Heilige Gees gepraat as 'n "gawe". Dit lyk derhalwe of die Gees 'n "ding" (onsydig) en 'n "gawe" is. Hierby moet ons egter onthou dat Christus ook soms 'n "gawe" genoem word en elke kind weet dat Hy 'n Persoon is. In die Grieks gebeur daar selfs iets wat ons in Afrikaans nie kan weergee nie. Die onsydige woord "pneuma" word dikwels gevolg deur die manlike vorm van die betreklike voornaamwoord. Dit verander "Gees" van 'n "onsydige ding" tot 'n manlike "Hy".

Kom ons kyk nou na 'n paar plekke waar die Heilige Gees uitdruklik 'n Persoon genoem word.

Die Trooster

Jesus sê van Hom: "Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei" (Joh. 16:13, 14). "Maar Ek sê vir julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie kom nie; maar as Ek weggaan sal Ek Hom na julle stuur" (Joh. 16:7). Ook in Joh. 14 kry ons soortgelyke uitsprake: "En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie". In al hierdie uitsprake is duidelik sprake van 'n Persoon — deurgaans praat Jesus van Hom as "Hy" en "Hom".

Die Heilige Gees bedroef

In 1 Kor. 2:10 verklaar Paulus: "Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God". Hieruit blyk tog duidelik dat Hy 'n Persoon is en nie bloot 'n krag nie. Hy kan selfs bedroef word volgens Ef. 4:30: "En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur Wie julle verseël is tot die dag van verlossing".

M. J. Booyens